The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

SARIE **2015/12/01** **Page: 24**

AVE: 9388.57 (ZAR)



GROETE UIT DIE KAROO

Koeksisters, melktert en vetplantjies … binnekort gaan selfs die Yanks weet wat dit is.

Dis alles danksy 'n debuutskrywer van Ladismith wat 'n Karoo-tannie geskep het wie se kook- en speurvernuf buitelandse uitgewers op hol het. Nie net het Sally Andrew se *Recipes for Love and Murder: A Tannie Maria Mystery* 'n deurbraak gemaak op Britse, Amerikaanse, Kanadese en Australiese markte nie, maar vertaalregte is ook aan 11 lande verkoop. Fourie Botha van Umuzi, Sally se uitgewer in Suid-Afrika, beskryf dit as "ongehoord" dat 'n debuut-werk wêreldwyd soveel aandag kry. "Die oorsese weergawe van die boek het 'n allemintige Afrikaanse woordelys waarin Sally die wêreld van die Karoo en sy kos leer." Prys: R220.